*Vrydag* 2 Januarie

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 30:1-9

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 30:8, 9

## Die oproep tot bekering wat God maak teenoor dié waaraan Hy barmhartigheid bewys het

God se genade en barmhartigheid bring voortdurende besinning en bekering, omdat ons so maklik van die Here af kan wegdwaal en hardkoppig ons eie pad wil loop.

Dit is wat met Juda en Jerusalem gebeur het. In Salomo se tyd het die Here as’t ware met die tempel in hulle midde kom woon. Hulle het egter die tempeldiens nie in stand gehou soos die Here beveel het nie. Hulle het die verbond met die Here geminag. God betoon barmhartigheid deur koning Hiskia wat die volk moet teruglei na die Here en sy diens.

Die volk moet alle hardnekkigheid los en ’n hand uitsteek na die Here. Dit is beeldspraak wat afkomstig is van die handskud tussen twee partye by ’n verbondsluiting of die uitspreek van beloftes wat getuig van die wil om daarvolgens te handel (vgl. 2 Kon. 10:15). God se verbond met sy volk was duidelik ’n genadedaad van Hom, vol beloftes. Dit sluit verbondsverpligtinge in wat die volk moes nakom. In Agas se tyd is dit gruwelik verontagsaam. God wil sy verbond met sy volk herstel en daarom die skerp oproep tot bekering, dat die verbondsverpligtinge weer nagekom moet word en om hulle aan die Here te onderwerp.

Met die oproep tot die Paasfees en deur die offers wat gebring moet word, lei die Here sy volk na die Messias wat sou kom. Jesus Christus het Homself as volmaakte offer gegee om ons ewig met God te versoen. Hy is ons nuwe Verbondshoof wat in ons plek die hand uitgesteek het. Danksy die voldoening aan God se verpligtinge is daar versoening met God. In hierdie nuwe verhouding kan en moet jy as gelowige jou voortdurend tot God bekeer.

As die genadige en liefdevolle Vader draai God nie sy gesig weg van hulle wat tot Hom terugkeer nie. Hy sien jou en beskerm jou. Jy sal selfs welwillendheid ervaar by diegene wat jou vyandig is.

*Sing: Psalm 119-1:7*

*Ds. SA (Sarel) Cilliers (Emeritus)*